

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 13, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2013 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Pasop vir sataniese verwarring!

U Bybel sê aan ons dat Satan die “god” van hierdie huidige wêreld is (2 Korinthiërs 4:4). Hy word ook die “owerste van die mag van die lug” genoem (Efesiërs 2:2).

Hierdie bose wese het 'n hele raamwerk *valse leraars!* Hy gebruik duidelik ook baie ander mense om hierdie wêreld te *verwar* en te *mislei* en hulle te verblind vir die Waarheid van God. Satan gebruik sy eie leraars maar *gebruik* daarby ook *veral* “meningsvormers” in ons verwarde samelewing – die sogenaamde “opvoeders”, sielkundiges en psigiaters, beslis ook die **grootbase in die media** wat net wil “geld maak”, selfs ten koste van die **vernietiging** van die algehele morele stelsel van ons samelewing. Hierdie mense is gewoonlik *baie slinks*. Hulle sal dikwels woorde wat **goed** klink gebruik vir iets wat verskriklik **boos** is. Die Almagtige God het ons gewaarsku teen sulke mense: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter. Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is” (Jesaja 5:20-21)!

Dink!

Woordspeletjies

Die hele sogenaamde “gay regte”-beweging het begin om uitdrukings te gebruik wat “lyk of

dit goed kan wees” om op so 'n manier die denkrigtings van die Amerikaners te manipuleer om iets te aanvaar wat *heeltemal teenstrydig* is met alles wat God en Sy hele skepping voorstel as goed. Dieselfde met die aborsie-beweging.

In *The Marketing of Evil*, beskryf die outeur David Kupelian 'n hele veldtog oor hoe om hierdie skandelige praktyke goed te laat lyk, deur 'n sentraal beplande “program van onbeskaamde propaganda, stewig gegrond in die lank reeds gevestigde beginsels van die sielkunde en die reklamewese”. Hy skryf:

“'n Eenvoudige punt van belang: Die homoseksuele aktiviste noem hulle beweging 'gay regte'. Dit bring twee groot doelwitte tot stand: (1) Die gebruik van die woord *gay* eerder as *homoseksueel* verbloem die omstrede seksuele gedrag wat betrokke is en beklemtoon eerder 'n vae, maar positief-klinkende kulturele identiteit – *gay*, wat eintlik vroeër 'gelukkig' beteken het en (2) deur van die begin af hulle stryd te beskryf as een wat gestry word vir hulle 'regte', dit impliseer ook dat homoseksuele mense die basiese vryhede van burgerskap wat ander geniet, ontsê word ... [Net so, het die] aborsieregte-

beweging **daardie** stryd gewen, juis omdat hulle aanvanklik daarin geslaag het om die debat se uitgangspunt nie oor die kwessie van *aborsie* nie, maar oor *keuse te laat handel*. Die voorstanders van aborsie het heel tereg verwag dat dit baie makliker sou wees om 'n abstrakte, positief-klinkende idee soos *keuse te verdedig* as die onbeperkte slagting van ongebore babas” (bll. 24-25).

Watter soort “liefde”?

Homoseksuele aktiviste beroep hulle voortdurend op “liefde” wanneer hulle hulle verhoudings beskryf, maar die manier waarop hulle egter hulle “liefde” bewys is in wese die **misbruik** van verskillende dele van die liggaam. Neem in ag dat baie mans wat die vroulike rol in homoseksuele verhoudings vervul, uiteindelik *doeke moet dra* as gevolg van die permanente skade aan hulle liggame omdat dit op 'n manier gebruik is waarvoor hulle Skepper dit *nooit ontwerp* het nie!

Dit is hartseer, maar die gebruik van verskillende woorde en uitdrukkings om die publiek te verwar, sal natuurlik uitloop, nie net in 'n toename in “dieselfde-geslag huwelike” nie, maar ook op poliandrie, poligamie en selfs “groep huwelike”. Sommige aktiviste propageer alreeds “man-seun

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik –

Pasop vir sataniese verwarring!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Sal Protestantisme verdwyn? 3

Waarom is so baie Protestantse kerke in 'n krisis gedompel? Wat openbaar die profesieë sal met hulle gebeur wanneer die einde van hierdie tydperk nader kom?

Die kantelpunt van ewewig 8

Die wêreld se ekonomiese toestande is op die rand van ineenstorting. Is u en u geliefdes gereed daarvoor?

Magna Carta word onthou 12

Agthonderd jaar gelede het koning Johannes se rustelose en ontevrede Normaanse baronne in St. Albans, Engeland, 'n reeks onderhandelings met die koning se verteenwoordigers gehad.

Die honde van oorlog 14

Is daar enige hoop vir vrede in ons wêreld wat moeg is van oorlog?

Die dag van die HERE 16

Die Skrif vertel van 'n tyd aan die einde van hierdie tydperk wanneer God die opstandige mensdom tot 'n val sal bring ter voorbereiding van Jesus Christus se wederkoms.

Môre se Jeug 20

Bou pilare vir sukses

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Sal Protestantisme verdwyn?

Deur Roderick C. Meredith

Massa afvalligheid uit Protestantse kerke is nou aan die orde van die dag! Metodiste, Presbiteriaanse en Anglikaanse kerke het in totalitiet miljoene lidmate verloor. Ander Protestantse groepe het ook baie lidmate verloor – net soos baie “onafhanklike” kerke.

Waarom?

Baie meningspeilings toon aan dat toenemende getallemense voel die kerke “staan nie regtig vir iets” nie. Hulle het al soveel van wat hulle glo afgewater en gaan al hoe meer “saam met die wêreld” dat dit moeilik is om die lewenswyse van kerkgangers te onderskei van die algemene bevolking van hierdie wêreld. 'n Artikel in *USA Today* toon die volgende aan:

Die meeste jong volwassenes bid deesdae nie, hulle aanbid nie en hulle lees nie die Bybel nie, volgens 'n groot opname wat gedoen is deur 'n Christelike navorsingsfirma.

Indien die neigings voortduur, sal “die Millenium-geslag sien dat kerke so vinnig soos motorhandelaars sluit”, het Thom Rainer, president van *LifeWay Christian Resources* gesê. Van die groep van 1,200 respondente tussen die ouderdom van 18 en 29 jaar was daar 72% wat sê dat hulle “baie meer geestelik as godsdienstig is...

Ons het die beteke-

nis van om deel te wees van die kerk al so vereenvoudig dat dit omtrent niks meer beteken nie, selfs vir mense wat reeds sê hulle is deel van die kerk” sê Rainer (27 April 2010).

Waarlik, die “hoofstroom” kerke het die betekenis van godsdiens “eenvoudig” gemaak. Hulle “staan” nie regtig “vir enigiets” nie! Inteendeel, hulle het eintlik *deel van die wêreld geword*. Waarom sou enigiemand dus by hulle aansluit? Mense dink toenemend: “Wat is die verskil” tussen diegene in die kerk en diegene wat nie in die kerk is nie. Hulle wonder: “*Is daar enige godsdiens in die wêreld wat werklik vir iets staan?*”

Interessant genoeg, “lyk dit” of die Rooms-Katolieke kerk standpunt inneem vir waarin hulle glo – selfs al dryf die hoofstroom media dikwels die spot daarmee. Nogtans word baie mense wat in die Bybel glo afgesit deur die “pousgesindheid” of Maria-eerbiediging en so ook baie gebruike wat duidelik uit die antieke heidendom oorgeneem is. Wat miljoene mense wil hê is 'n godsdiens wat gebaseer is op die Bybel. Een

van die beroemde Protestantse teoloë van sy tyd het geskryf: “Die Bybel, die hele Bybel en **niks anders as die Bybel** nie, is die godsdiens van die Protestante” (*Schaff - Herzog Cyclopedia of Religious Knowledge*, artikel “Chillingworth, W.”).

Die “hoofstroom” is MISLEI!

Dit is so jammer, maar die oorgrote meerderheid van die “hoofstroom” kerkgangers het byna *geen benul* van wat die Bybel werklik leer nie! Die predikante in hierdie kerke staan op en gee algemene preke wat na die Bybel verwys, maar dit gebeur selde dat hulle *uit die Bybel* lees, die hele gedeelte verduidelik en *verklaar* om sodoende die mense te leer *wat die Bybel sê*. Die meeste Amerikaners en Britte *bestudeer* nie die Bybel in die fynste besonderhede om uit te vind wat die Skepper werklik aan hulle sê oor die betekenis van die lewe en wat hulle behoort te doen nie. Omdat hulle nie 'n stewige Bybelse grondslag vir hulle geloof het nie, gaan die meeste moderne predikante “geheel en al” saam met die idees en tradisies van mense. Sonder 'n kragtige en ware *toegewydheid* om die God van die Bybel te

“soek” en te *doen wat Hy sê*, is hulle volgelinge stadig maar seker besig om in feitlik *alles* met Satan die duiwel se agenda tot 'n vergelyk te kom. Dit sal nie meer baie jare duur voordat hierdie Protestantse leiers van die belydende Christendom nie net homoseksuele praktyke vir hulle lidmate toelaat nie, maar ook sal begin om veelwywery, veelmannery en “groepshuwelike” goed te keur! *Hoe durf* ek dit sê? Omdat dit beslis die pad van voortdurende toegewing is waarop hulle nou beweeg. Daar is *geen aanduiding* dat hulle ooit van daardie pad sal afwyk nie!

Die Evangelie van Johannes veroordeel spesifiek die godsdienstige leiers in Jesus se tyd deur te sê: “Want hulle het die *eer van mense* meer liefgehad as die eer van God” (Johannes 12:43). My vriende, is u lief vir “die eer van mense”? Glo u werklik dat hierdie nietige *mense* in die komende Groot Verdrukking in staat sal wees om u te red?

Dink!

Die geïnspireerde Woord van God waarsku ons almal: “Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk” (Jeremia 17:5). Soos die ewige God ons in die boek van Spreuke waarsku: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die **dood**” (Spreuke 14:12). Indien u wat hierdie artikel noukeurig lees u Skepper getrou en waarlik wil *gehoorsaam* en deel in Sy ewige Koninkryk, dink asseblief *ver-*

sigtig na oor wat ek skryf en moet **nie** net saamgaan met die heidense idees wat vermom is as Christelikheid nie!

Die gerespekteerde “hoofstroom” Protestantse geskiedkundige, Jesse Lyman Hurlbut, skryf in sy bekende geskiedkundige werk met die titel, *The Story of the Christian Church*, van die vroeëre dekades wat ons die “Donker Middeleeue” noem, toe die hoof ontwikkelende heidense kerk die naam van Christelikheid oorgeneem het:

Die gebruike en seremonies van die heidendom het geleidelik in die erediens ingesluip. Sommige van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met slegs die wyse van aanbidding wat verander het. Teen ongeveer 405 n.C. het beelde van heiliges en martelare in die kerke begin verskyn; aanvanklik as gedenktekens, maar later is hulle opeenvolgend vereer, verafgod en aanbid. Die verering van die maagd Maria het in die plek gekom van die aanbidding van Venus en Diana; die Laaste Avondmaal het 'n offerande geword in plaas van 'n gedenkdien en die ouderling is van 'n prediker tot 'n priester bevorder. Ten spyte van die feit dat die kerk soveel mag gekry het,

sien ons nie dat Christelikheid die wêreld verander het na sy eie idee nie, maar eerder dat die wêreld die kerk oorheers (bl. 79).

Dit is jammer dat nie die Protestante of die Katolieke teoloë in geheel **ooit** die eenvoudige, onomwonde leerstellings van Jesus ernstig opgeneem het nie. Jesus Christus is deur 'n jong man die weg na die ewige lewe gevra. Hy het toe geantwoord: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooie**” (Mattheüs 19:17). In die welbekende bergpredikasie sê Jesus duidelik: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheüs 5:17-19).

Baie belydende Christene begryp nie naastenby die belangrikheid van hierdie woorde nie. Christus het in verband met die wet gesê dat nie “een jota of een titteltjie” – die kleinste merkies in die

Hebreeuse skrif – daaruit sal verbygaan voordat die hemel en die aarde verbygegaan het nie. Omdat die hemel en aarde nog **nie** verbygegaan het nie, moet ons begryp dat die wet nog bly bestaan. Het Sy “vervulling” van die wet op een of ander manier hierdie gebooie verander? Of het hulle verander ná Christus se opstanding? Nee! Die hemel en aarde het nie verbygegaan met Sy opstanding nie. Ons sien ook uit Jesus se eie voorbeeld dat Hy **al** tien van die Tien Gebooie onderhou het (Lukas 4:16)!

Petrus se waarskuwing

Aan die einde van sy lewe, in sy heel laaste brief, *waarsku* die apostel Petrus *spesifiek* dat misleide mense die leerstellings van die apostel Paulus kan *verdraai* en as 'n verskoning kan gebruik om die wet van God af te skaf! Petrus beskryf Paulus se sendbriewe as 'n deel van die Skrif – maar as 'n deel “wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf. Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling **van sedelose [wettelose]** mense en wegval uit jul eie vastigheid nie” (2 Petrus 3:16-17).

Wetteloos? Dink u vir een oomblik dat Petrus van *verkeerswette* gepraat het? Natuurlik nie! Hy het gepraat van die *geestelike Wet van God* – die Tien Gebooie. God het natuurlik vooruit geweet dat *valse leraars*

te voorskyn sal kom – soos Petrus en Paulus herhaaldelik gewaarsku het – om mense te laat wegdraai van 'n *lewenswyse* wat gegrond is op die Tien Gebooie wat deur God bestem is vir alle ware Christene om na te volg. Paulus het God se wette konsekwent *gehoorsaam* – hy het die weeklikse Sabbatte en die Heilige Dae onderhou – hy het *nooit een keer* gesê dat God se geestelike wet afgeskaf is nie! Anders sou hy *homself weer-spreek* het toe hy in God se geïnspireerde Woord geskryf het: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die **onderhouding van die gebooie** van God” (1 Korinthiërs 7:19) is wat saak maak.

Biskoppe en pouse het nogtans die duidelike leer en voorbeeld van Jesus Christus vervang met hulle eie heidense leerstellings en “kerk-tradisies”. Baie van hierdie plaasvervangings is aanvaar en selfs aangehang deur die Protestantse “hervormers”. Martin Luther het gesê: “Niemand kan ontken dat ons vashou aan, glo, besing en alles bely in ooreenstemming met die ou kerk nie. *Dat ons niks nuuts daarvan maak of iets daarby gevoeg het nie en by wyse hiervan behoort ons ook aan die ou kerk en is ons een daarmee*” (Lindsey, *A History of the Reformation*, Vol. 1, bl. 468).

Volgens hulle *eie* verklarings is dit dan *bewys* dat die Protestante hulleself alleenlik beskou het as 'n *voortsetting van die historiese Katolieke kerk*,

maar in 'n ander en “gesuiwerde” vorm. Luther self bevestig heftig hulle belangrike *eenheid* met die Katolieke Kerk!

Die gerespekteerde historikus, George Park Fisher het toe hy van Johannes Calvyn, die ander groot Protestantse Hervormer gepraat het, gesê: “Hy het nie ontken dat die Christelike gemeenskappe wat die Pous erken 'kerke van Christus' is nie ... Hy ontken met verontwaardiging dat hy hom onttrek het uit die Kerk” (*History of Christian Doctrine*, bl. 304).

Schaff sê aan ons dat daar van die sigbare of *historiese Katolieke kerk* gepraat word wanneer Calvyn skryf: “Aangesien dit ons huidige plan is om die *sigbare kerk* te hervorm, kan ons selfs die titel van *moeder* van haar leer, hoe nuttig en selfs noodsaaklik dit vir ons is om haar te ken” (Schaff, Vol. VIII, bl. 450).

Die Protestantse leiers se aandrang op hulle *basiese eenheid* met die Katolieke kerk en hulle identifisering van haar as hulle “moeder”-kerk is *baie betekenisvol!*

God identifiseer die Roomse kerk

In die vroeë uitgawes van Martin Luther se vertaling van die Nuwe Testament, is daar baie illustrasies wat die “Hoer van Babilon” uitbeeld as die *Rooms-Katolieke Kerk*. Wanneer hy hierdie *algemeen verstaanbare interpretasie* beskryf, sê Bainton aan ons: “Die gevalle Babilon is duidelik **Rome**” (*Here I Stand*, bl. 258).

Talle Protestantse boeke, pamflette en traktate maak vandag dieselfde identifikasie. Hulle bestempel die Rooms-Katolieke kerk as die “groot hoer” van Openbaring 17.

Daar moet egter erken word dat die meeste van die meer konserwatiewe Protestantse kerkskrywers nie meer hierdie identifikasie maak nie. Na daardie eerste uitgawes van die Bybel, pamflette en traktate, het hulle skielik tot die verbys-terende besef gekom dat *hulle hulleself verklik!* In een van die maklik verstaanbare gedeeltes in hierdie geïnspireerde profetiese boek, beskryf God 'n groot valse godsdienstige stelsel wat sal verrys en bestempel dit as “die groot

Babilon” (Openbaring 17:1-6).

Indien ons na Openbaring 17 blaai, sien ons dat die vrou wat hier uitgebeeld word, 'n gevalle vrou is – 'n “groot hoer”. Sy sit op die “baie waters”. In vers 15 identifiseer die profesie self hierdie waters as “*volke en menigtes en nasies en tale*”. Hierdie gevalle vrou is dus 'n groot kerk wat oor baie nasies en volke regeer. Sy word daarvan beskuldig dat sy “hoereer” met die konings van die aarde. Geestelik kan dit net beteken dat sy skuldig is aan inmenging in die *politiek* en die *oorloë* van hierdie wêreld.

Christus het gesê dat Sy koninkryk *nie van hierdie wêreld is nie* (Johannes 18:36). Jakobus praat van daardie mense

wat deel het aan die materiële *welluste* en *oorloë* van hierdie wêreld as geestelike “*egbrekers*” (Jakobus 4:1-4). Die profesie word nou duidelik! Hierdie afvallige kerk word veroordeel omdat sy 'n rol in die *politiek gespeel* en deelgeneem het aan die *oorloë* van die wêreld.

Hierdie gevalle vrou of kerk is getooi in *pers* en *skarlakenrooi* kleure. Die pers simboliseer *koninklike* mag en waardigheid. Die rooi dui haar *geestelike hoerery* aan! Sy is 'n *ryk* kerk, “versier met goud en kosbare stene en pêrels” (Openbaring 17:4). Johannes skryf ook: “En ek het die vrou gesien, *dronk van die bloed van die heiliges* en van die bloed van die *getuies* van

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien” (vers 6).

Hierdie kerk het baie van God se heiliges *wreed vervolgd* en *gemartel*. Haar *rykdom*, haar *mag* en haar *koninklike majesteit* het egter selfs vir Johannes met 'n mate van ontsag geïnspireer! Later openbaar God: “Die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde” (vers 18).

Die profesie vervul

Al hierdie beskrywings is *perfek* van toepassing op die *Rooms-Katolieke Kerk!* Hierdie is die kerk wat God se verspreide mense deur die eeue heen *vervolgd* het. Hierdie is die kerk wie se *rykdom* en *materiële mag* geen gelyke het nie. Hierdie is die kerk wat sy *eie weermag* het en wat reeds aktief deelgeneem het aan die *oorloë* en die *politiek* van hierdie wêreld!

Slegs die hoofstad van “Christendom” in Rome kan werklik 'n “groot stad” wat oor die konings van die wêreld *geheers* het, genoem word. *Daar is geen twyfel oor hierdie identifikasie nie!* Alexander Hislop skryf in sy merkwaardige boek, *The Two Babylons*: “Daar was nog nooit enige probleem by enige verligte Protestant om die vrou wat 'op sewe berge sit' en op wie se voorkop geskrywe is 'Verborgeneheid, die groot Babilon' te identifiseer as Rome nie” (Hislop, bl. 1).

Hy sê aan ons: “Dit was nog altyd bekend dat die Pousdom slegs 'n gedoopte heidendom is;

maar God maak dit nou bekend dat die heidendom wat Rome gedoop het, in al sy wesenlike elemente, *dieselfde heidendom is* wat geheers het toe Jehova in die letterlike antieke Babel die dubbeldeure van brons voor Kores oopgemaak en die stawe van yster stukkend gesny het” (*ibid.*, bl. 2).

In hierdie uiters insiggewende werk *bewys* Hislop verder dat die Rooms-Katolieke kerk inderdaad die *filosofieë*, die *tradisies* en die *kerklike feeste* van die antieke *heidene* aangeneem het. Roomse Katolisisme is niks anders as 'n “*gekerstende heidendom*” nie!

Hislop skryf: “Rome is inderdaad die Babilon van Openbaring. Die wesenlike karakter van haar stelsel, die spoggerige wyse van haar aanbidding, haar *feeste*, haar *leerstellings* en *tug*, haar *rituele* en *seremonies*, haar *priesterdom* en hulle ordes, *spruit alles voort uit die antieke Babilon*” (*ibid.*, bl. 3). Dit is geen wonder dat God hierdie stelsel “Verborgeneheid, die groot Babilon!” noem nie. Die Rooms-Katolieke stelsel bevat presies *dieselfde leerstellings*, *rituele* en *heidense godsdienstige vaksiedae* as die van die antieke, heidense stad Babel – wat so dikwels gebruik word om *sonde* uit te beeld.

Sover het ons *twee belangrike punte* uitgelaat. Die eerste is dat in die beskrywing van hierdie *groot valse kerk*, Johannes sê: “... en die bewoners van die aarde het *dronk* geword van die wyn van haar hoerery” (Open-

baring 17:2). Hislop onthul dat die aanbidders *letterlik dronk gemaak is* in die oorspronklike Babiloniese godsdiens sodat hulle die heidense “geheimenisse” gunstig kon ontvang (Hislop, bl. 5). Dit is 'n aanduiding dat die aanbidders in Rome *geestelik dronk* gemaak is, sodat hulle nie die geestelike waarhede duidelik kon sien nie. God sê: “... omdat *al die nasies gedrink het* van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery” (Openbaring 18:03).

Hierdie giftige leerstellings en valse konsepte het reeds *elke beskaafde nasie op aarde* binnegedring. Die mense van die aarde het geestelik *dronk* geword van hierdie valse leerstellings! Wanneer hulle nader aan die Bybel en die geestelike waarhede beweeg, raak hulle *deurmekaar*, *verward* en *verdeeld*.

“Babel of Babilon” beteken letterlik *verwarring*. Dit is *groot verwarring!* Dit is tipies van wat ons gesien het by die Protestantse hervormers – argumente, gekibbel en *verdeeldheid* selfs onder mekaar. Dit beskryf die *deurmekaar*, self-weersprekende rigting wat Luther, Calvyn en die ander hervormers ingeslaan het. Die hervormers het eintlik teen slegs 'n *klein gedeelte* van die Rooms-Katolieke leerstellings in opstand gekom. Hulle was *geestelik dronk* en het nie geweet waarheen hulle wou gaan, of hoe om daar te kom nie, terwyl hulle steeds gelei en mislei is deur 'n agtergrond van Roomse leerstellings en

Die kantelpunt van ewewig

Deur Dexter B. Wakefield

Is die wêreld-ekonomie verby die punt waar geen terugkeer meer moontlik is nie?

Vorm 'n denkbeeldige prentjie in u gedagte van 'n man wat op 'n houtstoel met vier pote sit. Stel uself dan voor wat sal gebeur as hy die stoel stadig agteroor begin kantel sodat die voorste pote van die vloer af ophop. Die stoel sal stabiel bly tot op 'n sekere punt waar dit beswaarlik gebalanseerd sal bly op sy twee agterpote. Op daardie punt sal die kleinste stampie die man en die stoel agteroor laat tuimel. Daardie punt is “die kantelpunt van ewewig”.

Nasionale ekonomieë kan net soos daardie stoel wees. Dink daaraan dat wanneer regerings meer bestee as wat hulle ontvang, finansier hulle gewoonlik die verskil deur lenings aan te gaan. Die rentekoers wat hulle moet betaal, word hoofsaaklik bepaal deur die beleggers se vertroue ten opsigte van die terugbetaling en monetêre inflasie in die land wat leen.

Wanneer regerings groot bedrae skuld in verhouding met die grootte van hulle ekonomieë ophoop, raak beleggers bekommerd. Die kredietgradering van die regering kan dan verlaag word, wat gevolglik hulle uitleenkoste sal verhoog. Die verhoogde uitleenkoste beperk weer die regering se vermoë om die skuld te delg, wat 'n verdere verlaging in hulle krediet-

waardigheid tot gevolg kan hê – wat op sy beurt die uitleenkoste weer verhoog. Namate hulle krediet opdroog moet die regering dan belastings verhoog en uitgawes verminder – die sogenaamde “besparingsmaatreël” – wat die ekonomie inperk en die probleem vererger. 'n Verwoestende afwaartse ekonomiese- en kredietspiraal kan gevolglik begin.

Huil oor Argentinië?

Argentinië is 'n pragtige land met 40 miljoen mense wat geseën is met groot natuurlike hulpbronne, vrugbare vlaktes wat *pampas* genoem word en 'n wêreldbekende wyn-produuserende streek naby die majestueuse Andesgebergtes. In 2002 het die nasie egter versuim om sy soewereine skuld te betaal. “Argentinië het 11 jaar gelede versuim om sowat \$100 miljard (\$100 Amerikaanse biljoen) in effekte te vereffen waarna sy skuld 166% van die bruto binnelandse produk (BBP) verteenwoordig het. Bankdeposito's is gevries en het in waarde verminder. Die ekonomie het in een jaar met 11% gekrimp en miljoene mense het hulle werk verloor” (*Reuters*, 13 Mei 2013, Hilary Burke). Argentinië het hiperinflasie, onluste en die val van die regering beleef. Na

daardie ineenstorting het die Argentynse ekonomie vir 'n rukkie herstel, maar die nasie het sy toegang tot baie van die wêreld se kapitaalmarkte verloor. Ongelukkig ervaar hierdie pragtige land weereens hoë inflasie, 'n swak ekonomie en maatskaplike onrus. Die wanbetaling van ten minste 'n deel van die skuld is weereens 'n bron van kommer. Sal Amerika homself binnekort in 'n soortgelyke situasie bevind?

Die Amerikaanse skuldbom: Volgens die getalle

In 2004 was Amerika se soewereine skuld se totaal \$7.3 biljoen (\$7.3 Amerikaanse triljoen) of ongeveer \$70,000 per belastingbetaler. Na die finansiële krisis van 2008 het die regering begin om biljoene dollar tekorte op te hoop in 'n poging om die ekonomie te stimuleer. Volgens die Kongres se begrotingskantoor, word daar beraam dat die verbysterende tempo van skuldophoping vir die huidige fiskale jaar, effens sal daal tot sowat \$759 miljard (\$759 Amerikaanse biljoen) – sowat 4% van die BBP. Dit is heelwat minder as die \$1.4 biljoen (\$1.4 Amerikaanse triljoen) tekort – 10,1% van die BBP – wat die regering in 2009 gehad het, maar dit gaan steeds teen 'n onvolhou-

bare tempo voort.

Dit is jammer dat die geïmagineerde afname vir 2013 moontlik tydelik is, aangesien dit hoofsaaklik as gevolg van die *tydelike, eenmalige winste* van die verbandreuse, FNMA en FMCC is. *Foxnews.com* berig dat Rep. Chris Van Hollen, (D-MD), hoof Demokraat van die Huis se Begrotingskomitee gesê het: “Die goeie nuus is dat die korttermyn se tekort aan die afneem is, maar dit lyk asof die afname hoofsaaklik die gevolg is van addisionele, *eenmalige inkomstes*, eerder as 'n opswaai in ekonomiese groei” (*foxnews.com*, 15 Mei 2013). Maya MacGuineas, president van die Komitee vir 'n Verantwoordelike Federale Begroting het bygevoeg: “Die rooskleuriger-as-verwagte korttermyn vooruit-skattinge verander nie die feit dat die stygende koste van gesondheidsorg, 'n ouerwordende bevolking, die dreigende bankrotskap van die Maatskaplike Sekerheid en die steeds-toenemende renteterugbetalings, die nasionale skuld aansienlik sal vermeerder nie” (*ibid.*).

Vanjaar se tekort sal op 4% van die ekonomie te staan kom, heelwat minder as die 10,1% wat in 2009 ervaar is, toe die regering 'n rekord *tekort* van \$1.4 biljoen (\$1.4 Amerikaanse triljoen) gehad het. Mense dink dikwels dat China al hierdie Amerikaanse soewereine skuld geabsorbeer het, maar dit is nie korrek nie. Sedert Julie 2013 hou China inderdaad meer as \$1.2 biljoen (\$1.2 Amerikaanse

triljoen) aan Amerikaanse skatkiswissels, koop nuwe staatseffekte, selfs terwyl ander buitelandse beleggers meer geneig is om netto verkopers te wees. Gedurende die afgelope paar jaar het China nuwe Amerikaanse skuld teen ongeveer dieselfde koers gekoop as waarteen die bestaande verbande verskuldig betaal is. Die Amerikaanse Federale Reserwe is verreweg die grootste aankoper van Amerikaanse soewereine skuld en koop die meeste van die nuwe uitgifte op. Amerika is besig om sy eie skuld te koop.

Sedert vroeg 2013 het die totale Amerikaanse soewereine skuld gestyg na \$16.8 biljoen (\$16.8 Amerikaanse triljoen) – \$148,000 per belastingbetaler, waarvan \$12 biljoen (\$12 Amerikaanse triljoen) – 75% van die *BBP* – gehou word deur die publiek en die res is skuld van binne-regeringsorganisasies, soos geld wat verskuldig is aan die Maatskaplike Sekerheid Trustfonds en Medicare Trustfonds. Al hierdie geld wat van betaalstaat belastinge vir hierdie trustfondse ingevorder is, word vinnig deur die regering uitgegee en word vervang met onbemarkbare Amerikaanse Tesourie obligasies. Hierdie verpligtinge aan binne-regeringsorganisasies sal in die toekoms terugbetaal moet word indien daar met *Medicare* en Maatskaplike Sekerheidsvoordele voortgegaan wil word soos wat aan die publiek beloof is. In wese is die skuld dus verskuldig aan die publiek. *Die totale Ameri-*

kaanse soewereine skuld behoort nou sowat 105% van die BBP en die skuldeisers sal hulle geld *met rente* terug wil hê.

'n Wenk van stygende koerse

Kan die stygende rentekoerse die skaal finaal laat kantel? Baie ontleders dink dat daar 'n “punt is waar geen terugkeer meer moontlik is nie”, dit is wanneer die ekonomie 'n afwaartse spiraal volg waarvandaan dit nie kan herstel nie. Onlangs was rentekoerse op Amerikaanse skuld op 'n historiese laagtepunt, maar opbrengste uit langtermyn Amerikaanse skatkisnote het dramaties toegeneem gedurende die afgelope twaalf maande. 'n Terugkeer na 'n omgewing met normale koerse sal 'n geweldige verhoging in dienskoste van skuld beteken. Indien koerse die hoogte sou inskiet, kan die tekort dramaties toeneem en die land se skuld las sal verder vergroot. Koerse is nou besig om te styg.

Ekonomiese kommentator Bill Mauldin noem die kantelpunt van ewewig “*The Bang! moment*” of “die *Kantell-oomblik*” en adviseer “... skuld is nie 'n probleem totdat 'n mens dit het nie. Dan bereik dit 'n kritieke massa en jy het wat hulle die *Kantell-oomblik* noem ... Al wat ons nou van die skuld-tot-BBP-verhoudings weet is dat die *Kantell-oomblik* wel bestaan, maar die presiese tydskop vir enige gegewe land is iets wat ons nie kan bereken nie. Waar daardie lyn egter ookal mag wees, wanneer dit gekruis word,

Pardoems! Alles verander” (22 Februarie 2013).

Ander ekonome dink egter dat ons wel *kan* weet wat die kantelpunt is. In 'n studiestuk wat vroeër hierdie jaar aan die Amerikaanse Monetêre Forum in New York aangebied is, het 'n groep van die voorste ekonome die volgende te sê gehad: “Lande met hoë skuldlaste is baie kwesbaar vir *ongunstige terugvoer* wat twyfel by uitleners laat ontstaan en gevolglik lei tot hoër soewereine rentekoerse, wat op sy beurt die skuldprobleme vererger. Ons analiseer die onlangse ervaring van gevorderde ekonomieë met behulp van beide ekonometriese metodes sowel as gevallestudies en kom tot die gevolgtrekking dat lande met **skuld van meer as 80% van die BBP** en volgehoue tekorte op hulle lopende rekening, *vatbaar is vir 'n vinnige fiskale agteruitgang* as gevolg van hierdie **punt van ewewig dinamika**. Hierdie soort terugvoer is uitgelaat uit die huidige langtermyn Amerikaanse begrotingsprojeksies en kan dit baie moeilik maak vir Amerika om 'n volhoubare begrotingsrigting te handhaaf. **'n Potensiële fiskale krisis plaas ook fundamentele beperkings op watter monetêre beleid dit in staat is om te bereik**” (*Crunch Time: Fiscal Crises and the Role of Monetary Policy*, 22 Februarie 2013).

Skiet die Amerikaanse Federale Reserweraad met loskruit?

Een van die primêre rolle van die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) is om die land se monetêre voorraad te beheer, die sogenaamde “M2”, wat al die kontant en aanvraagdeposito's (soos byvoorbeeld tjek- en spaarrekenings) in die ekonomie is. Trouens, die Fed het groot hoeveelhede effekte in die laaste paar jaar aangekoop in die sogenaamde “Kwantitatiewe Verligting”. Dit dryf rentekoerse afwaarts en beteken ook dat die aankoop van obligasies deur die Fed groot bedrae geld in die Amerikaanse ekonomie inspuit – 'n poging om dit te stimuleer. Die ekonome wat hierbo aangehaal is sê by die kantelpunt van ewewig *raak die monetêre beleid oneffektief om beheer uit te oefen oor die geldvoorraad en die ekonomie*. Is daar enige bewyse dat dit wel die geval is?

Oor die afgelope vyf jaar van gepoogde monetêre uitbreiding, was 'n skeiding aan die broei. In die eerste kwartaal van 2013 het die Fed **\$277.5 miljard** (\$277.5 Amerikaanse billion) se obligasies aangekoop en daardie bedrag in die ekonomie ingespuit, maar die geldvoorraad, M2, het gedurende daardie tydperk eintlik met **\$55 miljard (\$55 Amerikaanse billion) gekrimp**. Dit het hoofsaaklik gebeur omdat hoe meer geld die Fed inspuit, hoe stadiger raak die sirkulasie van geld – dit word die *omloopsnelheid van geld* (“V”) genoem. Die omloopsnelheid van geld is op sy laagste vlak in meer as 'n halwe eeu. Omdat die ekonomie dit nie

gebruik nie en die prysvlakke nie veel styg nie, hoop al daardie ekstra geld in banke op wat dit dan as oortollige reserwes in ... die Federale Reserwe deponeer! Oor die afgelope 5 jaar het die Fed se balansstaat opgeskiet van ongeveer \$890 miljard (\$890 Amerikaanse billion) in die vroeë 2008 tot \$3.75 biljoen (\$3.75 Amerikaanse trillion) in die middel van Oktober 2013! Dit wil voorkom asof die reguleerders nie net hulle monetêre teikens mis nie, *hulle skiet moontlik met “loskruit”!*

Inflasie of deflasie?

Groot fiskale tekorte en toename in die monetêre voorraad van 'n ekonomiese stelsel gaan dikwels 'n inflasionêre spiraal vooraf. Namate pryse oortollige monetêre voorraad absorbeer, kan inflasionistiese verwagtings toeneem en meer prysverhogings aanvuur. Inflasie kan buite beheer raak, soos dit in die 1920's in Duitsland gebeur het. Gedurende 1923 tot 1924, toe dit op sy ergste was, het die Duitse hiperinflasie een biljoen mark vir een Amerikaanse dollar bereik en pryse het elke tweede dag verdubbel. Die geldeenheid het waardeloos geword.

Meer onlangs het Argentinië hiperinflasie ondervind tydens die krisis van 1989 tot 1992. Dit is moeilik om prysvlakke tydens hiperinflasie te meet, maar ekonome sê dat die Argentynse prysvlakke teen 'n jaarlikse koers van meer as 10 000% per jaar verhoog het. In 1992 was een peso gelykstaande aan 100,000,000,000 peso van 'n

dekade vroeër. 'n Swaar resessie het gevolg en die ineenstorting van die regering het daaruit voortgevloei.

Gedurende die Carter-administrasie het inflasie in Amerika byna buite beheer geraak en gestyg van 5,2% in 1979 toe hy ingehuldig is, tot meer as 14% in 1980. Die Fed se voorsitter, Paul Volcker, het die monetêre remme aangeslaan deur die Federale Fondse se rentekoers te verhoog na 20% en die prima uitleenkoers van banke het in 1981 gestyg tot 21,5%! Inflasie het egter gedaal en Amerika se ekonomie het weer in die 1980's begin groei. Amerika se ekonomie was op 'n punt van ewewig met inflasie. Die Fed se voorsitter, Volcker, het die ekonomie op die laaste nippertjie daarvan teruggetrek.

Veroorsaak groot regerings-tekorte dus altyd inflasie? Waar is bewyse van dreigende inflasie in vandag se ekonomie? Dit mag moontlik in die toekoms verskyn, maar dit is nog nie duidelik nie, ten minste nie so dramaties nie. Selfs met al die tekorte en Kwantitatiewe Verligtings, was die maandelikse inflasiekoers vir die eerste agt maande van 2013 gemiddeld net 1,6%. *Deflasie* wat voorkom wanneer prysvlakke verlaag, kan vir die sentrale bankiers baie moeilik wees om te beheer en die meeste sal liever inflasie as deflasie verkies. Regerings kan rentekoerse verhoog om inflasie teen te werk – soos Paul Volcker gedoen het – maar hulle kan nie rentekoerse verlaag tot minder as nul nie. Die opbrengs van

Amerika se 13-week skatkiswissels was vir die afgelope vyfjaar beswaarlik meer as nul.

Deflasie kan baie onversetlik wees. Vir twee dekades lank het Japan die ergste nadelige besteding van enige geïndustrialiseerde nasie gehad – sy totale skuld was meer as 230% van die BBP, vergeleke met Griekeland se skuld van 175% van die BBP. Nogtans het Japan van 1990 tot 2010 wat genoem word “Die Verlore Dekades” beleef, waartydens die ekonomie teen volgehoue *deflasie* geworstel het. In Japan was rentekoerse vir meer as 'n dekade lank naby aan nul, sonder dat inflasie veroorsaak is. Die Japannese Eerste Minister, Abe, neem tans drastiese stappe in 'n poging om die Japannese ekonomie weer aan te blaas. Die situasie in Amerika is nie presies dieselfde as in Japan nie – daar is verskillende redes vir die Japannese deflasie – maar daar bestaan wel baie ooreenkomste. Amerika sien deflasionistiese druk soos hoë werkloosheid, dalende kommoditeitspryse en 'n stadiger omloopsnelheid van geld onder die oë. Die Amerikaanse ekonomie en prysvlakke reageer al hoe minder op die Federale Reserwe se beleid van kwantitatiewe verligting.

Die kantelpunt van ewewig vir deflasie kom wanneer die aanvraag na goedere en dienste krimp en pryse verlaag, wat op sy beurt die ekonomie vertraag en wat die aanvraag verder verminder. Hoë werkloosheid is geneig om deflasionisties te

wees aangesien mededinging vir werksgeleenthede lank verminder – wat dus aanvraag verder verminder. So wentel *die spiraal dus afwaarts* en as dit eers begin het, is dit baie moeilik vir regerings om dit om te keer. Dit was die situasie vir baie van die wêreld se ekonomieë tydens die Groot Depressie van die 1930's.

'n Wenk uit die verlede

Amerika is grootliks deur God geseën. Die leiers en volk van die vorige geslagte het oor die algemeen erken dat hulle seëninge van God gekom het. God sê aan ons dat dit Hy is wat dit vir ons moontlik maak om rykdom te verkry, maar Hy waarsku ons ook daarteen.

“*Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy geboorte en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie; sodat jy nie miskien eet en versadig word nie en mooi huise bou en bewoon, en jou beeste en jou kleinvee vermeerder en jou silwer en goud vermeerder, ja, alles wat jy het, vermeerder en jou hart hom dan verhef, dat jy die HERE jou God vergeet wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het; en jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe. Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe ...*” (Deuteronomium 8:11-14, 17-18). Dus, *op watter manier sal Amerika se ekonomie kantel?*

'n Nasie wat deur God

Vervolg op bladsy 26

Londen Roep

Magna Carta word onthou

Deur John Meakin

Agthonderd jaar gelede het koning Johannes se rustelose en ontevrede Normaanse baronne in St. Albans, Engeland, 'n reeks onderhandelings met die koning se verteenwoordigers gehad. Die gespreksvoering het vir twee jaar lank voortgesleep. Op 15 Junie 1215, in 'n bekende laagte met die naam *Runnymede*, het die koning se verteenwoordigers en die baronne ingestem tot 'n "Great Charter" – 'n formele koninklike vergunning gestempel met die koning se Groot Seël van goedkeuring.

Hierdie ikoniese en befaamde dokument, die Magna Carta genoem, word algemeen beskou as die fundamentele dokument van Engelse vryheid en die belangrikste verdediging teen eiemagtige en onregverdige heerskappy in die nasie. Dit mag nogtans as 'n verrassing kom om te verneem dat dit nie begin het met so 'n roemryke afkoms nie. Trouens, die oorspronklike dokument het baie min omvangryke beginselverklarings bevat. Dit het eerder hoofsaaklik oor 'n reeks praktiese toegewings gehandel wat uit 'n onwillige koning gedwing is deur baronne wat vasbeslote was om sy mag te beperk.

'n Handves van blywende belang in wording

Koning Johannes het vinnig

die *Runnymede*-dokument verwerp, veral omdat een van die bepalings daarin aan die baronne die reg gegee het om beslag te lê op die koning se eiendom indien hy sou versuim om die bepalings van die handves na te kom. Pous Innocent III het die Magna Carta nietig verklaar in ruil vir die koning se onderwerping aan universele pouslike gesag. Engeland het gou in 'n burgeroorlog verval.

Indien koning Johannes nie 'n jaar later gesterf het nie, sou die Magna Carta vir ewig verlore gewees het. Sy seun en opvolger, die negejarige Henry III, het egter die dokument aanvaar (via sy kurator), om steun tussen die baronne te bou. Die oorspronklike dokument van 1215 is spoedig verander deur herroeping van die bepalings wat die koning die meeste beperk het. Die veranderde Magna Carta het in 1225 wetgeword. In 1297 is dit op die wetboek van Engeland en Wallis geplaas, waar dit tot vandag toe nog is.

Namate Engeland se leenstelsel met verloop van tyd verander het, het die dokument se wetlike toepassing verminder omdat, afgesien van 'n paar, al die bepalings daarvan óf herroep óf vervang is. Die oorblywende bepalings wat nog steeds in die Engelse regstelsel

van krag is, is soos volg:

Die Engelse kerk sal vry wees, sy regte sal onverminderd en sy vryhede onaangeraak wees.

Die stad Londen, tesame met ander stede, munisipaliteite, dorpe en hawens, sal al hulle vryhede en vrye gebruike van ouds behou.

Geen vry man sal gevange geneem, onteien, verbied of verban word sonder die wettige regspraak deur sy gelykes of deur die wet van die land nie. Ons sal aan niemand reg of geregtigheid verkoop nie en dit aan niemand weier of dit verlaag nie.

Wat egter behoue gebly het is die oorheersende beginsel wat agter die dokument se bepalings is – dat regering deur die koning onderhewig moet wees aan die wet. Niemand moes bo die wet verheewe wees nie.

"Magna Carta was die eerste hervormingsprogram in die Engelse geskiedenis", skryf die historikus David Horspool in sy boek, *The English Rebel*. Dit was die eerste dokument wat 'n koning van Engeland gedwing het om sy magte te beperk en die

voorregte van die feodale baronne te beskerm. Dit het die aanvaarding van die grondwetlike reg dwarsdeur die Engelssprekende wêreld beïnvloed en het die Verenigde State se grondwet sterk beïnvloed.

Magna Carta, God en die Bybel

Die 800ste herdenking van Magna Carta sal 'n geleentheid bied om die ideale van individuele vryheid, burgerlike vryheid, reg en geregtigheid te herbevestig in 'n wêreld waar sulke ideale nie altyd gerespekteer word nie. Ons behoort egter nie die besonder sterk verband tussen Magna Carta, God en die Bybel te vergeet nie.

Magna Carta het erken dat koning Johannes deur “die genade van God” regeer het. Die bepaling van die handves was vir “die gesondheid van ons siele en dié van ons voorvaders en erfgename, tot eer van God, die verheffing van die heilige Kerk en beter reëling van ons koninkryk”. Met daardie woorde het die handves die onderworpenheid van die partye aan God se heerskappy oor die mensdom vir laasgenoemde se beswil, uitdruklik bevestig. Die handves erken God se bestaan en streef daarna om konsekwent volgens Sy wil te wees. “Aangesien ons al hierdie dinge aan God toegeken het, vir die beter reëling van ons koninkryk ...” Tot 'n groot mate volg Magna Carta die Bybelse patroon van regering deur verbondsluiting.

Dit is jammer dat, terwyl die Engelssprekende nasies voorberei vir die herdenking van hierdie geëerde handves, hulle geloof in God en in Sy woord – die Bybel – vinnig besig is om af te neem. Nogtans is die Bybel, waaruit die skrywers van die Magna Carta hulle gesag probeer aflei het, die uiteindelijke en mees uitmuntende wetlike dokument in die wêreld se geskiedenis.

Die Magna Carta was 'n handves wat bedoel was om die regte, vryhede en tydelike ongebondenheid van die Engelse te bewaar teen 'n tiran van 'n koning. Die Bybel verteenwoordig niks minder as 'n Groot Handves vir die hele mensdom nie en kondig die uiteindelijke geestelike vryheid van die dood en die tirannie van Satan, die huidige god van hierdie wêreld, aan. Nogtans, terwyl Magna Carta teësinnig en onder dwang deur Engeland se koning toegestaan is om 'n ietwat groter mate van geregtigheid te bewerkstellig, het God Sy Groot Handves vryelik aan die mensdom gegee – soos beplan is van die begin van alle tye af en volmaakte geregtigheid vir almal gewaarborg, vir die verlede, die hede en die toekoms!

Al is dit onder eed deur alle partye bekragtig, kon Magna Carta net so betroubaar wees as die brose en onbestendige menslike natuur waarop sy ondertekenaars staatgemaak het. Aan die ander kant is God se Groot Handves heeltemal betroubaar en berus dit op Sy

onveranderlike beloftes wat bevestig is deur Sy onaantasbare eed (Hebreërs 6:13-20). Terwyl Magna Carta wettig en bindend gemaak is deur die koning se Groot Seël, is God se Groot Handves wat Hy Sy “ewige verbond” noem, permanent verseël met die gestorte bloed van Jesus Christus (Hebreërs 13:20-21 NV).

As 'n formele koninklike toegewing deur Engeland se koning aan sy mense, het Magna Carta die hoeksteen geword van tydelike vryheid vir diegene wat daarna streef om volgens die onderliggende beginsels daarin te leef. In teenstelling daarmee is God se verbondsbepalings vir die hele mensdom. Dit kom neer op 'n formele koninklike vergunning deur die Koning van die konings – die hoeksteen van ewige vryheid!

Diegene wat Magna Carta se grootheid in menslike terme erken, behoort in staat te kan wees om te sien dat God en Sy woord – die Bybel – veel groter is, in ontelbare rangordes van belangrikheid. Terwyl die volke van Britse afkoms hulle aandag vestig op die 800ste herdenking van hierdie fundamentele dokument, behoort ons nie liewer baie meer aandag te skenk aan die dokument wat dit onderskraag nie en aan die boodskap van dáárdie dokument wat nie slegs vryheid in hierdie lewe bied nie, maar ook tot in alle ewigheid aan diegene wat glo en handel volgens die verbond wat dit bied? **WvM**

Die honde van oorlog

Deur J. Davy Crockett III

Die hoofberigte skree die slagting uit wat in Sirië ontvou, met bewerings dat gifgas deur die Bashar al-Assad bewind gebruik word. Terwyl die Verenigde Nasies niksseggende verklaring uitreik en die groot moondhede leë dreigemente van ingryping maak, sterf mense aan beide kante van die konflik in toenemende getalle.

In die Irakese hoofstad Bagdad, ontplof motorbomme soos wat Sunni en Sjiïtiese faksies mekaar verskeur in 'n uitgerekte magstryd. Selfs al is die oorlog “verby” en het die troepe van Amerika en die koalisie wat Saddam Hussein onttron het onttrek, is daar nog steeds nie vrede nie.

Intussen gaan die Taliban voort om chaos in Afghanistan te saai waar 'n korrupte regering vasklou aan die mag, terwyl die Verenigde State met 'n gekerm begin onttrek aan die einde van sy langste oorlog. Moskees word gebombardeer en mense wat saamkom om te aanbid, word dood of vermink agtergelaat. Jong meisies en vroue word verdruk en mishandel namate Sharia [Islamitiese] wet ingestel word.

In Gaza word Palestynse vuurpyle gereeld afgevuur op die klein nasie van Israel, wat dan weer met dodelike geweld terugslaan. Hierdie skermutse-

lings dien as 'n konstante herinnering aan die eeue-oue konflik wat heers oor hierdie fel omstrede gebied wat deur die eeue heen so 'n prominente rol in die geskiedenis gespeel het.

Al die brandpunte is egter nie in die Midde-Ooste nie. Noord-Korea wat deur kenners as die mees onderdrukkende regime op die planeet beskou word, dreig met 'n kernoorlog en maak verregaande dreigemente van oorlog teen Suid-Korea en die Verenigde State. Met die grootste staande mag in moderne tye, wat gelei word deur 'n jong en onbewese leier, is Noord-Korea 'n konstante, plofbare bedreiging.

Geweld lê net onder die oppervlak in Tsjetsjnië, met sy voortdurende geskil met Rusland. Islamitiese ekstremiste vlam ook dikwels op in die Filippyne en in Noord-Ierland breek die eeue-oue vete tussen Protestante en Katolieke van tyd tot tyd uit.

Suid van die Verenigde State se grens, in Mexiko, woed 'n stryd wat gelyk is aan 'n bloedige burgeroorlog soos wat die dwelmkartelle ingryping deur die regering teenstaan en wedywer vir oorheersing en beheer. Die geweld spoel soms oor die grens na die Verenigde State en is baie ontwrigtend vir die aangrensende state.

In Amerika het tuisgemaakte

bomme in 'n skare toeskouers by die Boston-marathon ontplof, waartydens onskuldige mense dood is en dosyne ander ernstig beseer is. Dit is 'n strak herinnering dat terrorisme 'n baie werklike bedreiging is.

Wanneer 'n mens nadink oor hierdie volgehoue gewapende konflikte in die wêreld as gevolg van ideologiese, nasionalistiese en onderlinge verskille, is dit genoeg om die denke te laat duisel. Hierdie toestand illustreer baie duidelik die aangrypende lyn in William Shakespeare se toneelstuk, *Julius Caesar*, “*Cry 'Havoc', and let slip the dogs of war*”. Ja, “die honde van oorlog” is losgelaat en saai verwoesting net waar hulle kan.

Deur die geskiedenis heen was die mensdom meer dikwels betrokke in oorloë met al sy gruwels as wat hulle die kort verposings van vrede geniet het. Waarlik, die profeet Jesaja het dit korrek aangedui toe hy geïnspireer was om te skryf: “**Die weg van vrede ken hulle nie**, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie” (Jesaja 59:8).

Jesus Christus het duidelik aan Sy dissipels gesê om hierdie toestand te verwag toe Hy gesê het: “En julle sal hoor van **oorloë en gerugte van oorloë**. Pas op,

moenie verskrik word nie ...” (Mattheüs 24:6). Let op dat Hy sê: “... moenie verskrik word nie”. Hierdie woorde is vir diegene wat verstaan dat hierdie tydperk

besig is om tot 'n einde te kom en dat Jesus Christus met groot krag en heerlijkheid sal terugkeer om die “honde van oorlog” stil te maak. Wanneer Hy dit doen sal

Hy 'n duisend jaar van vrede en oorvloed, vir 'n wêreld wat moeg is vir oorlog, inlei. **WVW**

Vervolg vanaf bladsy 7 – Sal Protestantisme verdwyn?

konsepte wat *verheidens* is. Soos ons gesien het, het hulle nadat hulle *uit* die Rooms-Katolieke kerk *gekóm* het, die *meeste* van die kerk se leerstellings en tradisies saam met hulle gebring!

Die Protestantse beweging geïdentifiseer

Ons behoort nou duidelik die *volle* naam en beskrywing van hierdie hele afvallige stelsel te kan verstaan! Dit word in Openbaring 17:5 gegee: “... en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die *moeder van die hoere* en van die *gruwels* van die aarde”.

Die korrupte Roomse “moeder”-kerk het geboorte geskenk aan *hoerdogters!* Indien die duidelike, konse-kwente beginsels van die skriftuurlike identifikasie eerlik toegepas word, is die Protestantse kerke die “hoerdogters” van die heidense, afvallige Rome! Hulle het met protes *uit haar gekóm*, maar soos ons egter duidelik gesien het, hulle het *die meeste* van haar heidense leerstellings en konsepte behou. Hulle volg nog steeds Rome se voorbeeld van inmenging in die *politiek* en *oorloë* van hierdie wêreld. Alhoewel Jesus Christus hier teen gewaarsku het, vervang

hulle die *geboorte van God* met die “tradisies” van *mense* (Mattheüs 15:3-9). Ons het al oorvloedige *Protestantse* bewyse gesien dat hulle Rome as hulle “moeder” erken!

'n Protestantse geskiedkundige merk die volgende op oor Luther: “Hy het begin om 'n kerk te stig uit diegene wat geloof en geestelike visie het en wat 'n vermoë en krag openbaar het om die Woord van God te verkondig. In werklikheid het hy egter 'n groot oorblyfsel van die *antieke geloofs belydenisse*, 'n uitgebreide 'oorskot' van *bygelowe, tradisies* en *towery* tesame met 'n groot erfenis van uiterlike gesag in volle werking gelaat” (Jones, *The Church's Debt to Heretics*, bl. 228).

Dr. Jones gee duidelik te kenne dat die Protestante steeds *baie heidense leer-stellings* en *tradisies behou* wat hulle van Rome geërf het. Ons het opgemerk dat sommige van hierdie valse tradisies die *heidense vakansiedae* insluit wat die vroeë Katolieke aan-geneem en Christelik-klinkende name gegee het. Ons behoort hierdie *dinge te ondersoek!*

Die Protestantse kerke staan soos *duidelik geïdentifiseer* deur die Almagtige God bekend as die “hoerdogters” van afvallige Rome! Terwyl Hy van hierdie

algehele Babiloniese stelsel praat beveel God: “Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:4). Die vraag is of ons *gehoorsaam* sal wees aan *ons Skepper* of nie!

Wat beteken dit dus alles vir *u lewe*? Dit beteken dat *indien* God u verstand open vir Sy Waarheid en *indien* u **aan uself bewys het** dat die Bybel inderdaad die *geïnspireerde Woord van God* is (2 Timótheüs 3:16), dan moet u gewillig wees om *Jesus Christus se basiese opdrag te gehoorsaam*. Jesus Christus sê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van *elke woord van God*” (Lukas 4:4). Daar is slegs *een Kerk* op aarde wat hierdie opdrag met algehele respek behandel. Dit word genoem “die Kerk van God” – die geïnspireerde **naam** vir God se Kerk wat twaalf keer in die Nuwe Testament genoem word. Dit is daardie Kerk wat gewillig is om die vierde gebod van God te gehoorsaam en om die dag wat deur God “heilig gemaak is”, “heilig te hou” – die sewende-dag Sabbat (Exodus 31:15). Dit is daardie Kerk wat ook onderworpe genoeg is aan God om Sy *sewe jaarlikse Sabbatte* sowel as die weeklikse sewende-dag Sabbat te onderhou. Dit is die

Die dag van die HERE

Deur Richard F. Ames

Die Skrif vertel van 'n tyd aan die einde van hierdie tydperk wanneer God die opstandige mensdom tot 'n val sal bring ter voorbereiding van Jesus Christus se wederkoms.

'n Belangrike profetiese gebeurtenis dreig op die horison. Die groot profete van die Bybel, Jesaja, Jeremia en Esegïel skryf daaroor. Die sogenaamde klein profete – Joël, Amos, Obadja, Sefanja, Sagaria en Maleagi – beklemtoon ook hierdie gebeurtenis. Selfs die apostels Petrus en Paulus het daaroor geskryf. Dit staan bekend as die dag van die Here. Presies wat is dit egter? Hoe pas dit in die raamwerk van Bybelse profesieë?

Die boek Joël bevat 'n profesie vir ons geslag: “Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby – 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, *kom* 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie” (Joël 2:1-2).

Die Almagtige God sal op dramatiese wyse ingryp in menslike sake. Daar sal groot oorloë wees gedurende hierdie tyd wanneer God oordeel sal vel oor die nasies. Nie net sal militêre wapens verwoesting aanrig nie, maar daar sal ook groot ekologiese verwoesting

wees. “Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die trek-sprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind” (Joël 1:4).

Selfs deesdae is strooptogte van swerms sprinkane nie ongehoord nie. In Julie 1874 het die grasvlakke van Amerika [*prêrie*] deurgeloopt onder die grootste sprinkaanplaag in die geskiedenis. 'n Stuk grond van ongeveer 513,000 vierkante kilometer – 'n gebied byna twee keer so groot soos die staat Colorado en groter as Duitsland, Irak of Japan – was oortrek met sowat 12.5 biljoen sprinkane wat gewasse, blare, leerware en nog baie ander dinge opgevrete het. Die dik laag dooie insekte was so 'n probleem dat selfs spoorverkeer gestaak moes word sodat spoorlyne skoongemaak kon word.

Vroeër vanjaar het die bevolking van die eiland Madagaskar geworstel met 'n sprinkaanplaag wat twee derdes van die nasie se land bedreig het. Kenners het minstens 100 sprinkaanswerms wat bestaan het uit sowat 500 miljard roofsugtige insekte regoor die eiland geïdentifiseer. Hulle verorber ongeveer 100,000 ton plantegroei daaglik. Die mense

se lewensbron word bedreig, maar dit is 'n klein versteuring in vergelyking met die toekomstige plaë wat vandag se plaë gering sal laat lyk.

Wanneer God rebelse nasies straf, sal hy hulle tot verootmoediging en bekering roep! Natuurlik hoef ek en u nie te wag tot dan nie: “Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die HERE julle God, en roep tot die HERE. Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige” (Joël 1:14-15).

Die dag van die Here is die tyd wanneer God die nasies sal oordeel. Dit is die tyd wanneer die almagtige God sal begin om meer direk en kragtig in die mensdom se sake in te gryp.

Sewe seëls

In Openbaring 5 lees ons van 'n boekrol wat met sewe seëls verseël is. Jesus die Openbaarmaker, maak daardie seëls oop soos beskryf word in Openbaring 6. Die eerste vier seëls staan bekend as die vier perderuiters van die Apokalips. Die eerste perd (die wit perd) en sy ruiters verteenwoordig valse godsdienste – valse Christusse.

Die tweede seël openbaar 'n ruiters (wat op 'n rooi perd ry) met

die mag om vrede van die aarde af weg te neem. Die derde seël wys 'n ruiter (op 'n swart perd) wat broodgebrek en gevolglike hongersnood verteenwoordig. Die vierde seël toon 'n ruiter (op 'n vaal perd) met die naam “die dood en die doderyk”. Hierdie ruiters se gesamentlike mag sal oor 'n kwart van die aarde se bevolking vernietiging bring.

Hierdie beskrywing stem ooreen met die gebeure wat Jesus in Sy Olyfbergprofesie uiteengesit het: “Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke” (Mattheüs 24:7).

Die basuinplae wat in die boek Openbaring beskryf word, wag vir ons op die horison en ons is besig om die fondament vir ons eie vernietiging te lê. Jesus sê: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheüs 24:22).

Die dag van die Here is 'n toekomstige tyd van God se kragtige ingryping in wêreld-sake. God sal selfs die elemente van die natuur aanroer om groot verwoesting te saai terwyl Hy 'n beroep doen op vleeslike mense om hulle te bekeer en Hom te soek. Hy sal opstandige nasies oordeel en selfs toelaat dat hulle mekaar uitroei in 'n wêreld-konflik.

'n Versnelde rit

Kritici sê ons het nog altyd

oorlog, hongersnood en pessiëktes gehad. Ons sal egter sien hoedat die vier ruiters van die Apokalips hulle rit versnel met die toenemende globale aanslag soos wat die tyd aanstap. Hierdie vier ruiters word geopenbaar wanneer Christus die eerste vier seëls oopmaak. Wat gebeur wanneer Christus die vyfde seël oopmaak? “En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuïenis wat hulle gehad het” (Openbaring 6:9).

Hier lees ons van die marteldood van die heiliges – ware Christene. In die eerste eeu het Keiser Nero die Christene wreed vervolgt en hulle dood gemaak. Hierdie vyfde seël voorspel ook 'n grootskaalse vervolging van God se mense in die eindtyd. Daarna maak Jesus die sesde seël oop en openbaar die hemelse tekens wat mense oor die hele aarde sal skok.

Johannes skryf: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit” (Openbaring 6:12-14).

Nie net sal asteroïdes en

meteoriete mense bevrees laat nie, maar massiewe aardbewings sal ook die aarde skud. Soos die apostel Johannes in 'n visioen gesien het, “al die berge en eilande is uit hulle plekke versit”. Deur hierdie aardbewings en die hemelse tekens sal die Almagtige God die aandag van die rebelse mensdom verkry. Die Skepper God sê aan ons: “Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe” (Hebreërs 12:26).

Dit is dus duidelik dat dit vir ons almal beter sal wees om nou tot bekering te kom en ons voor God te verootmoedig, eerder as om geskud te word omdat ons die Skepper en Sy lewenswyse verwerp! Ja, die vername mense van die aarde sal van verskrikking vlug. Die apostel Johannes het hulle verskrikte reaksie beskryf: [Hulle het] “vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:16-17).

In gewone taal: God sal “ons aandag trek”! Die hemelse tekens sal mense verskrik. Die vername leiers van die aarde sal bang wees.

Die hemelse tekens lui die dag van die Here in, die tyd van God se toorn en oordeel oor 'n ondankbare, rebelse wêreld bekend. Jesus Christus, die Lam, sal toornig wees. Hy sal God se regverdige oordele vel. Die dag van die Here word “die groot dag van sy toorn” genoem

(vers 17)!

'n Dag vir 'n jaar

Presies hoe lank is hierdie “dag” van die Lam se toorn? Soos baie Bybelstudente weet, gebruik profesieë dikwels 'n dag om 'n jaar aan te dui. Een betekenis van die dag van die Here is dat dit die jaar voor die wederkoms van Christus is! Jesaja verduidelik: “Want die HERE hou 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsak van Sion” (Jesaja 34:8).

Die omgewings- en politieke probleme wat deur die vier ruiters van die Apokalips gesymboliseer word, sal voortgaan om te versnel. Daar sal groot-skaalse godsdienstige vervolging wees, soos geopenbaar word deur die vyfde seël van Openbaring. Die sesde seël, die hemelse tekens, sal die hele wêreld wakker skud vir die begin van die dag van die Here – die sewende seël!

Die sewende seël duur ongeveer een jaar en bestaan uit sewe basuinplae. Johannes beskryf dit so: “En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee” (Openbaring 8:1-2). Die basuine waarsku ons – hulle kondig sewe plae of oordele aan!

Let op in Openbaring 8, wanneer die eerste vier engele op hulle basuine blaas, is daar groot ekologiese verwoesting oor die hele aarde. Daar is aardbewings. Groot dele van die

plantegroei word verbrand. 'n Derde van alle see-lewe sterf. Waterbronne word vergiftig. Die hemele word verduister.

Die laaste drie basuinplae word “wee” genoem. Die woord “wee” is 'n uitroep van smart! “En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!” (Openbaring 8:13).

Openbaring 9 beskryf die eerste wee of die vyfde basuinplaag. Hierdie “plaag” is 'n verwoestende militêre optrede wat vyf maande sal duur. Die tweede wee, die sesde basuinplaag, beeld 'n intense militêre teenaanval deur 'n weermag van 200 miljoen man vanuit die ooste uit, wat een derde van die wêreld se bevolking sal doodmaak. Hierdie fase van die Derde Wêreldoorlog sal miljard mense doodmaak! Ja, Jesus het gesê dat tensy daardie dae verkort sou word, geen vlees gered sou word nie – andersins sou alle lewe op aarde vernietig word.

Vervolgens hoor ons die geluid van die sewende basuin. Vir Christene is die klank van die sewende basuin goeie nuus, want dit kondig die wederkoms van Jesus Christus aan en die vestiging van die Koninkryk van God op aarde. Ons behoort almal voor te berei vir daardie tyd! “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het

die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Watter wonderlike nuus!

Die sewende basuin word egter ook die derde wee genoem! Waarom? Omdat dit ook die laaste sewe plae aandui. Dit sal 'n intense vervulling van die dag van God se toorn wees. “En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig” (Openbaring 15:1).

U kan die beskrywing van hierdie plae in Openbaring 16 lees. Dit sluit plae in van pynlike swere aan diegene wat die diermoonheid en sy beeld aanbid het. Dit sluit selfs 'n groter vergiftiging van riviere en die see in, tot so 'n mate dat “al die lewende wesens in die see ... gesterwe [het]” (Openbaring 16:3). Die son sal warmer word – wat tot gevolg sal hê dat uiterste hittegolwe diegene sal teister wat hulle nie van hulle sondes bekeer nie!

'n Oorwinnende einde!

Uiteindelik sal Christus wanneer Hy na hierdie aarde terugkeer, al sy vyande oordeel en oorwin. Hierdie mense is die vyande van vrede. Hulle is die vyande van Christus en daardie kragtige leërs word beïnvloed deur die gevalle engele of demone (vgl. Openbaring 16:14).

Hierdie jaarlange tydperk, bekend as die dag van die Here, eindig met die aankondiging dat

Christus al die koninkryke en regerings van hierdie wêreld oorneem! Dit is die goeie nuus waarna ons almal uitsien!

Jesus Christus sal seëvier oor die wêreld se leërs! Hulle sal die dwase keuse maak om teen Hom te veg met Sy wederkoms, maar Christus die Koning van die konings, sal Self verhoed dat die mensdom homself vernietig! Jesus Christus sal die wêreld red van vernietiging en vir 'n duisend jaar lank aan ons planeet vrede en herstelling bring! Ons sien almal daarna uit om die klank van die sewende basuin te hoor want dit sal die toekomstige Koninkryk van God op hierdie aarde aankondig.

In een opsig is die dag van die Here die jaar wat die wederkoms van Christus voorafgaan. In 'n ander opsig duur dit dwarsdeur die millennium voort en daarna tot in ewigheid.

Die apostel Petrus beskryf dit so: “Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur

sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (2 Petrus 3:10-13).

Petrus waarsku Christene om geestelik paraat te wees. Ons moet wakker wees vir die dag van die Here, 'n ontnugterende tydperk van oordeel oor die nasies. Daarna lê die wêreld van môre voor – 'n wonderlike millennium met prag, welvaart en vernuwing onder die heerskappy van Christus. Mag God daardie dag bespoedig! Mag ek en u ook gereed wees daarvoor!

WvM

Die ware God: bewyse en beloftes

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?

Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie sal ons die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek, asook sewe bewyse bestudeer wat die ware God sal onthul.

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Môre se Jeug

Bou pilare vir sukses

Deur Jonathan McNair

Wil u iets van u lewe maak? Wil u 'n sukses wees? Sukses in die lewe gebeur nie per ongeluk nie. Sukses is die resultaat van beproefde beginsels. Hier is 'n voorbeeld: “Die vrees van die HERE is die **beginsel** [beginpunt] van die kennis; sotte verag wysheid en tug” (Spreuke 1:7). Met ander woorde, alle kennis begin met die stewige fondament van 'n vrees van God. Fundamente is 'n belangrike deel van 'n suksesvolle lewe.

Wanneer u 'n paar oomblikke stilstaan en kyk na die fondament van 'n nuwe huis wat gebou word, sal u sien dat die slote gegrawe word en daarna gevul word met beton om die huis te ondersteun. Daar sal moontlik 'n betonblad bo-op hierdie slote gegooi word, waarop die huis kan rus. Elke huis moet 'n fondament hê. Die hoogste wolkekrabbers gebruik dieselfde tipe komponente vir 'n sterk, stewige fondament. Indien u onder die grond kon sien, sou u baie eenderse patrone sien. Nogtans eindig 'n gebou se konstruksie nie met die fondament nie. Sterk “pilare” is nodig om 'n raamwerk vir die gebou te vorm en dit te ondersteun terwyl dit gebou word tot sy uiteindelijke hoogte.

Van die grond af boontoe het geboue 'n eindelose verskeidenheid van vorms, groottes en ontwerpe. Dit is 'n stewige

fondament om God se heerskappy oor ons lewe te erken. As individue wat regeer word deur God se wet van liefde, verskil ons egter nogtans op baie maniere van mekaar ten opsigte van persoonlikheid en sterkpunte. Ons moet dit in ag neem wanneer ons ons lewens op die stewige fondament van God se Woord bou.

Hoe kan ons dus op 'n manier wat mooi, aantreklik, eerbaar en deugsam is, “vorm” wat ons is, namate ons van kinderjare na volwassenheid groei? Hoe kan ons word wat God wil hê ons moet wees? Wat is die “pilare” wat ons in ons fondament kan anker om sterk en suksesvolle lewens te bou?

Goddelike karakter

Hierdie pilaar is van kardinale belang vir 'n suksesvolle lewe en kan van kleintyd af gebou word. Onthou wat ons in Spreuke lees: “Die seun laat hom alreeds aan sy handelinge ken, of sy handelwyse suiwer en of dit reg is” (Spreuke 20:11).

Integriteit, betroubaarheid en suiwerheid is van veel groter waarde as om “cool”, “hot”, “popular” en “bad” te wees. Indien u karakter sterk en opreg is, sal dit u ondersteun in alles wat u doen. Dit sal aan u respek, trou en eer besorg – van God en van mense. Die verhaal van Josef en Potifar se vrou is 'n

goeie voorbeeld van die karakter wat die kern van hierdie jong man was – dit was 'n fundamentele deel van sy persoonlikheid (Genesis 39:1-23). Toe sy probeer het om hom te verlei, het hy gesê: “Hy is in hierdie huis nie groter as ek nie en het my niks onthou nie behalwe u, omdat u sy vrou is; hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?” (Genesis 39:9).

Indien ons God se heilige en regverdige karakter ontwikkel, deur te weet wat reg is en dit uit gewoonte doen, sal ons voorbereid wees op 'n paar van die moeilikste situasies wat die lewe oor ons kan bring.

Akademiese kennis

Hou u van kennis? Is u nuuskierig oor die wêreld rondom ons? Die begeerte om te soek vir begrip, om te leer en te “weet” is 'n God-gegewe menslike eienskap. Salomo skryf: “Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings om 'n saak na te speur” (Spreuke 25:2). Met ander woorde, om 'n poging aan te wend om te leer is 'n eerbare en Godgegewe begeerte binne in die mens. “... laat die wyse luister, dan sal hy insig vermeerder, en die verstandige sal verstandige gedagtes verkry” (Spreuke 1:5).

Ons wêreld is toegegooi met

kennis. Dit is maklik om oorweldig en afgestomp te raak. Ons kan ook in die strik val om na vinnige antwoorde te soek in plaas daarvan om deeglike begrip daarvan te hê. Indien ons akademiese opleiding vir ons 'n saak van erns is wanneer ons jonk is, ons 'n liefde vir leer ontwikkel en kennis met entoesiasme verkry, sal ons nog 'n pilaar van sterkte bou wat sal bydra tot ons sukses in die lewe. Nie almal blink uit as studente nie, maar ons kan almal baat vind by die verkryging van meer kennis.

Musiek

Vir sommige jong mense kan musiek nog 'n pilaar van sukses voorsien. Sommige mense speel in 'n skoolorkes, ander sing in 'n koor of leer om 'n instrument te bespeel op hulle eie. Ons oefen ons brein op 'n spesifieke manier deur te leer sing op 'n toonhoogte of om 'n wysie nootvas te speel. Deur middel van musiekopleiding leer ons ook ywer en geduld aan, sowel as spanwerk en samewerking. Ons ervaar die skoonheid en krag van klank en harmonie. Koning Dawid was lief vir musiek. Ons lees: "En Dawid en die hele Israel het voor die aangesig van God met alle mag gespeel, sowel met liedere as met sifers en harpe en tamboeryne en simbale en trompette" (1 Kronieke 13:8). Om

musiek te maak kan 'n emosionele, vreugdevolle ervaring wees. Dit kan ook nog 'n pilaar verskaf wat aan ons krag en vertroosting regdeur ons lewens kan gee.

Atletiek

Om te leer om 'n sport te beoefen is 'n goeie manier om nog 'n pilaar in ons lewe te bou. Deur aan een of meer sportsoorte deel te neem, ontwikkel ons ons liggaam fisies. Paulus herinner Timotheüs: "... liggaamlike oefening is tot weinig nut" (1 Timotheüs 4:8). Hy gebruik die voorbeeld van oefening om ons in ons fisiese lewe te help, om ons die belangrikheid daarvan te leer om na die ewige lewe te strew. Fisies gesproke fokus party sportsoorte meer op ratsheid en ander weer op krag of stamina. Spansport leer ons lesse van samewerking, terwyl individuele sport persoonlike fokus vereis. Indien jy leer om basketbal of bofbal te speel, aan baan-items deelneem of swem, gholfe of tennis speel, ontwikkel ons sekere atletiese vermoëns en ervarings wat nog 'n voordelige pilaar in die lewe kan wees. Die lesse van dissipline, volharding en heilhartigheid wat in sport vereis word, is lewenslange lesse. Sommige sportsoorte kan ook nog tot lank in die volwasse lewe geniet word.

Reis

Indien u die geleentheid het om te reis en ander state en lande te besoek, is u besig om nog 'n pilaar te bou! Om die lewe in plekke buite ons eie tuisdorp te sien, verbreed ons perspektiewe en help ons om anders te dink. Ons ontwikkel empatie met ander mense en die manier waarop hulle lewe. Ons erken die waarde en mooiheid in ander kulture en gewoontes, selfs al verskil dit van ons eie.

Die waarde van pilare

Net soos huise en geboue in voorkoms en vorm verskil, is ons almal verskillend in persoonlikheid. Dit is 'n goeie ding! Ons persoonlikheid word egter versterk en ondersteun deur pilare wat ons in ons jeug bou. Ek het net 'n paar hier opgenoem, maar daar is baie, baie ander. U het moontlik die vermoë om goed te skryf, of om skaak te speel. Miskien behoort u aan 'n dramaklub of is u bekend vir u vermoë om rekenaars te herstel. Wanneer ons ontwikkel op die gebied van krag en ervaring, bou dit ons selfvertroue. Ons deel ook gemeenskaplike begrip met ander persone wat daardie selfde pilare het. Deur verskeie pilare te hê, is ons ook nie afhanklik van net een area vir ons identiteit nie. Bou pilare om sukses te bou! **WVM**

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Vervolg vanaf bladsy 15 – Sal Protestantisme verdwyn?

Kerk wat *werklik* bereid is om te **groeï** “in die genade en kennis” en om te groei “tot die mate van die volle grootte van Christus” (Efesiërs 4:13). Dit is die Kerk wat gewillig is om die ware Werk van God te doen soos Jesus Christus ons beveel: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuïenis vir al die nasies, en dan sal die einde kom” (Mattheüs 24:14).

Sal Protestantisme verdwyn?

Ja, Protestantisme sal ongetwyfeld binne die meeste van u wat hierdie artikel lees se leeftyd **verdwyn!** Wanneer u die duidelike verklarings lees wat aantoon dat die “herleefde” Romeinse Ryk feitlik die hele wêreld sal oorneem (Open-

baring 18:3) en sy *godsdienst sal afdwing* op ander mense deur pyn of dood indien hulle sou teëstribbel (Openbaring 13:15), sal u gou sien dat geen *lewensvatbare alternatiewe godsdienst sal bly bestaan* in die westerse wêreld nie. Wanneer u as langtermyn-intekenaars van die *Wêreld van Môre* begin “sien” hoe die groot profetiese gebeure wat ons aan u beskryf het, *werklik op groot skaal begin plaasvind* – wanneer die hele “wêreld” rondom u toenemend geweld-dadig, verward en mislei raak – mag God u dan help om te *reageer op die Waarheid!*

Indien u graag met 'n verteenwoordiger van die ware Kerk van God wil praat – *wat hierdie Werk borg* – laat ons dan van u hoor. Sê spesifiek dat u

met een van ons verteenwoordigers kontak wil maak en gee aan ons u adres of telefoonnommer. Daar sal **geen druk** op u wees om by iets “aan te sluit” of om geld te gee vir enigiets of om iets soortgelyks te doen nie. Ons weet dat dit net **God** is wat mense “roep” om te verstaan en om te handel volgens Sy Waarheid. Enige sodanige kontak kan die belangrikste “keerpunt” in u hele lewe wees! Mag die Almagtige God aan u **almal** die begrip en ook die geloof en die moed gee om “uit” die moderne Babilon te kom. Mag u dan waarlik die Skepper *dien* en *gehoorsaam* wees aan die Een wat aan u lewe en asem skenk en wat **nou** besig is om kragtig in die wêreld se sake in te gryp. **WVW**

Gelowe van verskillende denominasies

	Die Bybel is heeltemal korrek	Satan is werklik	Christus was sonder sonde
Adventiste	64%	37%	45%
Vergadering van God	77%	56%	70%
Baptiste (enige)	66%	34%	55%
Kerk van Christus	57%	36%	54%
Episkopaal	22%	20%	28%
Lutherse (enige)	34%	21%	33%
Metodiste (enige)	38%	18%	33%
Pinkster	81%	47%	73%
Presbiteriaanse (enige)	40%	22%	45%

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vrae & Antwoorde

Is daar 'n goeie rede waarom 25 Desember as die geboortedatum van Jesus Christus verwerp word?

VRAAG: Dui die Bybel die datum of selfs die seisoen van Christus se geboorte aan?

ANTWOORD: Een sleutel tot die akkurate bepaling van wanneer Jesus Christus se geboorte is word vervat in 'n Bybelse stelling aangaande Sagaria, die vader van Johannes die Doper. In Lukas word aan ons vertel dat Johannes se vader “van die afdeling [diensgroep] van Abía” was (Lukas 1:5). Hierdie kort vermelding is van groot belang.

Ons leer uit Lukas dat Maria, die moeder van Jesus, haar niggie Elizabeth besoek het net nadat sy met Jesus swanger geraak het. Op daardie stadium was Elizabeth ses maande swanger (verse 36-41). Johannes die Doper was dus ongeveer ses maande ouer as Jesus. Indien ons dus kan bepaal wanneer Johannes gebore is, is dit maklik om die geskatte datum van Christus se geboorte uit te werk. Dit is waarom “die afdeling [diensgroep] van Abía” belangrik is.

Ongeveer 1,000 jaar vroeër, in die dae van koning Dawid, het die aantal priesters in Israel aansienlik toegeneem. Dawid het hulle dus in 24 “diensgroepe” verdeel om hulle diens in die tempel te roteer (1 Kronieke 24, vgl. 23:6, 28:13). Die Joodse historikus Flavius Josephus skryf in die eerste eeu n.C. dat die bogenoemde verdeling gebly het “tot vandag toe” (*Antiquities of the Jews*, boek 7, hoofstuk 14, afdeling 7).

Joodse geskiedkundige rekords toon aan dat al die tempelpriesters in Jerusalem diens gedoen het gedurende die drie jaarlikse feesseisoene – Pasga, Pinkster en die Huttefees (Levitikus 23; Deuteronomium 16). Deur die res van die jaar het hulle egter beurte gemaak met elke diensgroep wat vir 'n week lank op 'n roterende basis diens verrig het. Hulle rotasie het op die eerste Sabbatdag van Nisan (of Abib) – die eerste maand in die Hebreeuse kalender – begin, met elke diensgroep wat een week lank van Sabbat tot Sabbat diens gedoen het.

Omdat **al** die diensgroepe gedurende die week van die Pasga gediens het, beteken dit dat die diensgroep van Abía – agtste in rotasie (vgl. 1 Kronieke 24:10) – aan die begin van die negende week aan diens sou kom. Wanneer hierdie rotasie verby was, sou die week van Pinkster begin het – dus sou die diensgroep van Abía ook gebly het vir

die tiende week. In Lukas 1 word ons meegedeel dat Johannes verwek is direk nadat sy vader teruggekeer het huius toe na sy diens in die tempel (verse 23-24). Dit was tydens die laaste helfte van Sivan, die derde maand van die Joodse kalender. Derhalwe sou sy geboorte nege maande of so later gewees het, in die lente van die volgende jaar. Aangesien Jesus naastenby ses maande na Johannes gebore is, sou sy geboorte dus gedurende die daaropvolgende herfs gewees het.

So 'n gevolgtrekking word bevestig deur twee ander verduidelikings wat Lukas aan ons gee oor die gebeure rondom Christus se geboorte. Lukas beskryf dat die herders **in die oop veld** was, besig om in die nag wag te hou oor hulle skape (Lukas 2:8). Kort ná die herfsoes en die Huttefees in Oktober, het Judea se reënseisoen begin. Teen November – wanneer die weer begin kouer word – sou mense begin het om die troppe vee in te bring vir die winter. Teen Desember sou hulle nie meer in die veld gewees het sodat die herders snags oor hulle moes waghou nie.

Nog 'n verduideliking wat Lukas gee, is dat Josef en Maria na Bethlehem gegaan het ten tye van 'n sensus inskrywing vir belasting (Lukas 2:1-4). Normaalweg sou sulke inskrywings gereël word vir direk na die oes – wat weereens sou ooreenkom met 'n datum in die herfs. Dit bewys dat, in teenstelling met moderne godsdienstige idees, Jesus Christus nie in die winter gebore is nie, maar gedurende die herfs, selfs al is die presiese dag nie bekend nie.

Hoewel dit nuttig mag wees om te weet in watter seisoen Christus gebore is, vind ons nêrens dat vroeë Christene enige waarde geheg het aan verjaarsdae nie, hetsy van Christus of van enige iemand anders. Selfs so laat as 245 n.C. het die bekende geleerde Origen “die blote idee van die viering van Christus se geboortedag as sondig verwerp” (*Encyclopaedia Britannica*, 11de uitgawe). Dit is ook belangrik om daarop te let dat Jesus Christus nie die herdenking van sy geboortedag aangeteken het of enige verwysing daarna op enige manier gemaak het nie. Nie een van die Apostels het eers verwys na Christus se geboortedatum of na hulle eie nie. **WvM**

Die Werke van

Hoe groot is die heelal?

Koning Dawid, die vegter-digter van antieke Israel, het een aand opgekyk na die naghemel en gevra: “As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” (Psalm 8:4-5).

Wanneer ons die tyd afstaan om na te dink oor die ontsaglike omvang van die heelal rondom ons, is dit 'n baie natuurlike vraag om te vra: Presies hoe groot is die fisiese skepping rondom ons? Watter lesse kan ons hieruit leer?

Selfs al sou ons slegs dit wat ons bo ons in die naghemel kan sien in ag neem, sal die grootte van die heelal baie indrukwekkend lyk! Op 'n maanlose, wolklose nag, weg van die stad se liggies, skat sterrekundiges dat 'n mens tussen 3,000 tot 5,000 sterre kan sien – glinsterende, skitterende edelgesteentes teen 'n donker fluweel agtergrond! Die meeste sou sterre wees soos ons son, maar wat wissel in grootte, kleur en eienskappe, sommige met planetêre stelsels, wat nie baie verskil van ons eie sonnestelsel nie.

Die heelal is egter nie beperk tot wat ons oë sien nie! 'n Aanduiding van 'n groter kosmos begroet die nagtelike kyker in die vorm van die Melkweg – 'n helder, maar vae newelagtige strook lig wat strek van een

horison tot die ander een. Wanneer ons deur die breedte van ons eie sterrestelsel kyk, is daardie sigbare strook 'n ontsaglike groot versameling sterre, gasagtige newels en ander kosmiese voorwerpe wat oor 100,000 ligjare heen strek – dit beteken dat dit 'n *duisend* eeue sal neem om van een kant tot die ander kant te trek!

Miljoene der miljoene sterre

Wetenskaplikes beraam dat ons sterrestelsel 100 miljard of meer sterre bevat! Dit beteken dat indien die ganse heelal slegs daaruit sou bestaan, dan sou daar meer as een ster gewees het vir elke mens wat al ooit hierdie aarde bewandel het!

Daar is nogtans soveel meer verbonde aan God se groot skepping! Wanneer sterrekundiges hulle teleskope hemelwaarts in enige rigting sou rig, vind hulle ontelbare *bykomende sterrestelsels* anderkant ons Melkweg, daar ver in die verafgeleë dele van die intergalaktiese ruimte! Sommige mense meen dat daar 100 miljard sterrestelsels in die heelal is wat altesaam soveel is as 300 *sextillion* – dit is 'n 3 gevolg deur 23 nulle met ander woorde, 300,000,000,000,000,000,000,000!

So 'n getal oorskry die grense van ons verbeelding en daag ons byna uit oor ons vermoë om te visualiseer! Dit is

moeilik genoeg om sommige aardgebonde verskynsels te visualiseer, soos die aantal sandkorrels op die strande van ons planeet – een merkwaardige skatting stel die getal op ongeveer 7,5 *quintillion* korrels. Volgens daardie skatting sal dit die strande van 40,000 aardes neem om genoeg sand op te lewer om gelykstaande te wees aan die getal sterre in die kosmos! Dit alles is in 'n heelal wat volgens wetenskaplikes na raming 91 *miljard* ligjare in deursnee is!

Voorwaar, die heelal is 'n *groot plek!*

'n Groot Skepper

Indien die omvang van die uitgestrekte skepping in ag geneem word, wat sou dit ons van *die Skepper* vertel? Die apostel Paulus sê met betrekking tot diegene wat Hom ontken “... sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” (Romeine 1:20).

Trouens, wanneer ons dink aan die geweldige grootsheid van die kosmos – die versameling sterre en wêrelde wat ons in die nagtelike hemel met die blote oog kan raaksien en die verbasende groter heelal wat onsigbaar daaragter lê – word ons nederig deur die Skrif wat aan ons sê: “Hy bepaal die getal

Sy Hande

van die sterre; Hy gee hulle almal name” (Psalm 147:4). Hy gee hulle *almal* name! Waarlik, “Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is *oneindig*” (vers 5)!

Indien die skepping dan so groot is, moet sy Skepper onmeetbaar groter wees! Ons moet onthou dat die heerlijkheid wat geopenbaar word deur die werke van Sy hande, slegs 'n *klein aanduiding* is van die ware heerlijkheid van die Almagtige God! Die patriarg Job sê aan ons: “Dit is maar die begin van sy daad, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy daad, wie kan dit verstaan?” (Job 26:14 NV).

Net soos die omvang en skaal van ons ongelooflike kosmos ons laat wonder oor God, behoort dit ons ook te laat wonder oor ons *eie plek daarin*. Soos voorheen aangeteken het koning Dawid op 'n keer gewonder oor God se liefde en besorgdheid vir die mens. “U het hom ... met eer en heerlijkheid gekroon” het Dawid aange-teken. “U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel” (Psalm 8:6-7).

Onderwerping van alle dinge

Sluit die heerskappy oor die werke van God se hande wat aan die mensdom gegee sal word, die afgeleë en skynbaar eindelose heelal in – ster op ster en wêreld op wêreld – verder as

ons planeet? Inderdaad! Die apostel Paulus het hierdie woorde van Dawid aangehaal en daarvoor nagedink. Hy het geskryf van die lotsbestemming van die mensdom as volkome kinders van God en gesê: “Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie” (Hebreërs 2:8).

Albei hierdie wêreld, binne asook tans buite ons sig wanneer ons na die sterbelaaide naghemel kyk, sal ons eendag erf om te ontwikkel en mooi te maak vir die heerlijkheid van God, as kinders binne die ware huisgesin van God! Die grootsheid van die heelal vertel aan ons dat 'n bestemming wat ver bo ons verbeelding is, op die mensdom wag!

Ons bleek blou kolletjie

Terwyl Carl Sagan gepeins het oor 'n foto wat deur die verre ruimtetuig Voyager 1 geneem is en waarop die aarde vertoon word as 'n bleek, blou kolletjie teen die enorme donker leegheid van die ruimte, het hierdie beroemde sterrekundige eenmaal geskryf: “Ons grootheidswaan, ons vermeende eie belangrikheid, die misleiding dat ons 'n sekere bevoorregte posisie in die heelal beklee, word gekonfronteer deur hierdie

kolletjie van bleek lig. Ons planeet is 'n eensame spikkel in die groot omvattende kosmiese donkerheid. In ons onbekendheid – in al hierdie uitgestrektheid – is daar geen aanduiding dat hulp van elders sal kom om ons van onself te red nie” (*Pale Blue Dot*, bl. 7).

Terwyl ons die grootsheid van ons heelal oordink, behoort ons nogtans te onthou hoe nederig en hoe klein ons werklik is, kon Sagan nie verder van die waarheid af gewees het nie. Wanneer 'n mens nadink oor die onpeilbare omvang van die kosmos, behoort dit ons ook te verplig om die onbegryplike mag van die skepping se Skepper te besef en dat dit Hy is wat “alle dinge [die algehele kosmos!] dra deur die woord van Sy krag” (Hebreërs 1:3)! Sulke beskouings behoort ons ook daaraan te herinner dat die skepping die God-geordende *erfenis* is vir diegene wat in hierdie tyd toelaat dat God hulle vorm en hulle karakter beitel na Sy eie gelykenis – om hulle Sy eie kosbare kinders te maak.

Diegene wat groep is om kinders van God te wees, sal elke keer wanneer hulle na die nagtelike hemel opkyk, die kleinste en dofste van aanduidings van hulle glorieryke toekoms in die gesin van God sien!

—Wallace G. Smith

Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie?

Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Vervolg vanaf bladsy 11 – Die kantelpunt van ewewig

geseën is om rykdom te verwerf is dikwels 'n uitlener aan ander nasies. Dit was in die verlede die geval met Amerika. “Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en *jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie*. En die HERE sal jou

die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooe van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen” (Deuteronomium 28:12-13).

Wat sê God egter sal gebeur wanneer Hy Sy seën onttrek? **Skuld, om mee te begin.** “Die vreemdeling wat by jou is, sal

hoër en hoër oor jou opklim; en jy sal laer en laer afsak. *Hy sal aan jou leen, maar jy sal aan hom nie leen nie*; hy sal die kop en jy die stert wees” (Deuteronomium 28:43-44).

Sommige mense sal op die harde manier moet leer “... hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen” (Spreuke 22:7). **WVW**

God se Kerk deur die eeue

God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat “die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie” (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

liefde” asof dit normaal en wenslik is. Al hierdie dinge sal tot ongekende fisiese en geestelike lyding lei wat, tensy God ingryp, die mens absoluut sal **ruïneer** vir die man-vrou monogamiese huwelik, wat die enigste huwelik is wat kinders kan voortbring, soos die Skepper dit bedoel het. Satan is nogtans so *slim* met sy verskillende “woordspeletjies” dat hy in staat is om die begrip van “liefde” te verdraai en mense so te verwar om feitlik *enigiets* te beoefen.

Die volgende stap? *Bestialiteit!* Ja, dit word nou berig dat al hoe meer mense in Duitsland en ander lande bestialiteit beoefen en “beledig voel” omdat mense dit sou waag om hulle te keer om “liefde” te maak met hulle eie *diere!*

Sjoe! Waarheen is ons op pad?

Hou nie terug nie!

Die ewige God beveel Sy ware leraars: “Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes” (Jesaja 58:1). In hierdie lang gedeelte in Jesaja waar gepraat word met die “huis van Jakob” – wat, soos die meeste van u weet, die moderne nasies van Amerikaanse en Britse afkoms is – sê God aan ons: “So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie. Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder. Toe het die HERE dit gesien, en dit was verkeerd in sy oë dat daar geen reg was nie” (Jesaja 59:14-15).

Vir baie jare lank het die volke van Amerikaanse en Britse afkoms ten minste die skyn van “Bybelse” sedelikheid gehandhaaf. Tans gee hulle hulleself egter oor aan hulle onbeteuelde hartstogte. Hierdie neiging sal voortduur onder die invloed van wetteloosheid en groot godsdienstige misleiding, totdat selfs die hele “Protestantse” beweging verdwyn, soos ek in my artikel (“Sal Protestantisme verdwyn?”) in hierdie uitgawe verduidelik.

Gelukkig, net voordat Satan dit kan regkry om die aarde heeltemal te **vernietig** – deur

verwarde en verblinde mense – *sal* die ewige God ingryp! Die mensdom sal uiters *korrupt* raak en so gevul wees met **geweld** dat mense die mensdom heeltemal sal vernietig, tensy God ingryp: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheüs 24:22). Dit sal uitloop op 'n geprofeteerde tyd wat bekend staan as die “dag van die HERE”, waarvan u kan lees in mnr. Richard Ames se artikel in hierdie uitgawe.

God se Koninkryk sal kom!

Wat dan? God se Woord verduidelik: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Miga 4:1-2).

Vir ongeveer 6,000 jaar lank sal die mensdom, onder Satan se invloed en afgesny van God en Sy wonderlike **wet**, elke denkbare vorm van perversie beproef! Wanneer Christus egter eers hier is as Koning van die konings en Here van die here, sal die wet van God, die Tien Gebooi, aan alle mense geleer word. Hierdie gebooi word dikwels belaster selfs in die sogenaamde “Christendom”, maar dit sal die **grondslag** wees van die totale regverdige lewenswyse in die wêreld van môre!

Dink! Wanneer mense **hulleself** begin **afsn** van God en van 'n gewilligheid om te **gehoorsaam** wat die Skepper aan ons sê in Sy geïnspireerde Woord, verval hulle in *elke denkbare* soort sonde en “onnatuurlike” lewenswyse. Daardie pad lei *altyd* na die “dood” (Spreuke 14:12). Mag God **elkeen van u** help om “wakker te skrik” en te besef dat ons inderdaad naby aan die **einde** van 'n beskawing is wat homself afgesny het van God – soveel so dat die mensdom nie eers meer helder kan dink nie! Die

uitdrukings wat gebruik word om alle soorte afwykende gedrag te verduidelik, is so verdraai dat die onsigbare Satan die duiwel, die "god" van hierdie huidige wêreld, dit maklik vind om liggelowige mense te mislei tot 'n lewenswyse wat *heeltemal ontaard* het, vernietigend is vir die gesin en uiteindelik vernietigend is vir alle

menslike lewe, tensy die Skepper ingryp. Mag God ons help om te *verstaan* en **ag te slaan** daarop!



Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**